

Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Januarie 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 105:5, 6 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.
- 6 Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie, / sal Hy dan nie die eed gedenk nie
aan Isak, in sy trou gesweer? / Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel / in ewigheid aan Israel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 111:1, 2 (p. 553)

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 2 Sy dade^o is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade^o in ewige skrif / vir al wie arm is en ellendig.

Gebed

Psalm 119:2, 9 (p. 585)

- 2 Dis u wil dat ons u woorde / in getrouheid sal betrag.
Kon ek maar, ek sou 't van harte. / HEER, verleen U my die krag!
Ag, was tog my voet maar vaster, / dat ek van die spoor nie dwaal
in u wet my voorgeteken, / en geen skande oor my haal!
- 9 Ag, hoe kleef ek aan die stof al! / Maak my lewend na u woord –
U tog wie 'k my sorg vertel het, / laat u kneg nie onverhoord.
Lei my altoos voort en verder / om u wonders te oordink,
my wat droewig en verslae / haas in kommernis versink.

Skriflesing: Handeling 16:11-15; Efesiërs 2:1-10;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 25:65

Kernvers: Handeling 16:14; Efesiërs 2:8-9

En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is.

(Handeling 16:14 AFR53)

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. (Efesiërs 2:8-9 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 65

Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente (b).

(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Fil 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.

Tema: Die gereedskap van die Heilige Gees waarmee Hy sondaars gelowiges maak

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die gelowige het die vraagsteller tot dusver behoorlik ingelig oor die inhoud van sy geloof. Vanaf Sondag 8 tot 22 het hy die vraagsteller stap vir stap deur elkeen van die artikels van die Twaalf Artikels geneem. In Sondag 23 het hy met oorgawe vertel watter waarde die inhoud van sy geloof vir hom het. Omdat hy in Jesus Christus as sy enigste en volkome Verlosser glo, is hy voor God geregverdig. Met ander woorde gesê, hy is vas oortuig dat God aan hom die ewige lewe gegee het omdat Christus Jesus die prys vir sy lewe volledig betaal het. In Sondag 24 het die vraagsteller uitgevra oor die plek wat die goeie werke van die gelowige het in sy Christelike lewe. Op hierdie vrae het die gelowige dit duidelik uiteengesit dat sy goeie werke nie bydra tot sy verlossing nie, maar dit die gevolg is van sy verlossing deur Christus.

In die eerste vraag wat die vraagsteller by Sondag 25 stel, keer hy terug na die onderwerp van geloof. Hy is oortuig dat geloof in Jesus Christus van die uiterste belang is. Daar is immers niks anders waarop 'n mens kan staat maak om jou van jou sondes te bevry en van God se regverdigde oordeel te red nie behalwe Jesus Christus alleen. Hy onthou nog wat die gelowige hom vertel het aangaande geloof. Geloof is 'n vasstaande kennis dat alles wat in die Woord van God geskryf staan die volle waarheid is. En geloof is die vaste vertroue dat die waarheid van Jesus Christus en sy verlossingswerk op die gelowige van toepassing is. Die gelowige het immers gesê dat die Heilige Gees deur die evangelie die vertroue in sy hart werk dat hy ook deel het aan die verlossing wat Christus gebring het.

Geliefdes, wanneer 'n mens fyn luister na die vraagsteller se vraag hoor 'n mens dat hy nog goed onthou wat die vraagsteller in Sondag 7 aan hom vertel het. In Sondag 7 het hy aan-vanklik gevra of alle mense weer deur Christus salig word soos hulle deur Adam verlore gegaan het. Hierop het die gelowige geantwoord: ***Nee, maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade aanneem.*** Luister nou net hoe stel die vraagsteller vanaand se vraag: ***Terwyl gelowiges slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof vandaan?*** Die eerste deel van die vraag is die woorde uit die gelowige se antwoord in Sondag 7. Aangesien geloof in Jesus Christus so uiters belangrik is vir die gelowige, wil die vraagsteller weet waar hierdie geloof vandaan kom.

Broers, susters en kinders, die vraagsteller is soos baie ander mense onder die indruk dat geloof iets is wat hulle in hulleself het. Mense moet maar net leer om die geloof te gebruik en ook in die Here Jesus te vertrou. Wanneer jy op die pad bestuur glo en vertrou jy dat alle ander padgebruikers die verkeersreëls sal gehoorsaam. Wanneer jy kos koop, vertrou jy dat dit veilig is om te eet. Wanneer die dokter 'n voorskrif uitskryf wat jy nie kan lees nie, vertrou jy dat die apteker sal verstaan en die regte medisyne aan jou gee. Dus het mense mos geloof en vertroue en hulle moet net in die Here glo en Hom vertrou om gered te word.

Die geloof of vertroue wat 'n mens daagliks beoefen is egter nie dieselfde as saligmakende geloof nie. Vir die mens wat nog nie wedergebore is nie, is die kruis 'n dwaasheid en 'n struikelblok (1 Kor 1:18). So 'n mens kan ook nie werke en woorde van God verstaan nie. Hy is blind vir die lig van die evangelie. Hy is ook nie in staat om hom aan God te onderwerp nie. 'n Sondaar het saligmakende geloof nodig om die betekenis van die kruis te begryp. En hierdie geloof kom nie uit die mens self na vore nie. ***Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God,*** skryf Paulus aan die Efesiërs.

Enkele verklaarders verstaan dat die woorde *dit is die gawe van God* na die geloof verwys. Ander verklaarders verstaan dat die woorde *dit is die gawe van God* na die genadige redding deur die geloof verwys. Albei hierdie verklarings is moontlik, alhoewel dit blyk dat die tweede verklaring meer geldig is as die eerste een. Die genadige verlossing deur die geloof is 'n gawe van God. En 'n mens kry deel aan die genadige verlossing slegs deur die geloof; so het die gelowige dit nog in Sondag 24 aan die vraagsteller duidelik gemaak.

Wanneer Paulus aan die Filippense skryf oor die teenstanders waarmee hulle te doen het, sê hy dat die teenstand wat hulle beleef vir hulle 'n bewys is dat God hulle gered het. En dan voeg hy hierdie woorde by:

omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly. (Filippense 1:29 AFR53)

Die geloof is dus aan die Filippense gegee om in Christus te kan glo.

Wanneer Petrus terugkom in Jerusalem eis die ander apostels en gelowige Jode rekenskap van hom. Hulle wil weet wat hy in Cornelius, die Romeinse offisier, se huis gedoen het, want 'n Jood mag nie in die huis van 'n heiden ingaan nie. Hy vertel dan presies aan hulle hoe die Here hom deur sy Gees na Cornelius gelei het en hoe hy die evangelie aan die heidene verkondig het en dat hulle die Heilige Gees ontvang het net soos gelowige Jode in Jerusa-lem die Heilige Gees ontvang het. Toe die gelowiges in Jerusalem dit hoor, sê hulle:

So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.
(Handelinge 11:18 AFR53).

Wanneer Paulus op die sabbat die evangelie aan die vroue by die Joodse bidplek langs die rivier in Filippi verkondig, hoor ons weer dat geloof 'n gawe van God die Heilige Gees is. Lidia die vrou uit Tiatire het in die God van Abraham, Isak en Jakob geglo, maar nog nie in Jesus Christus nie. Wanneer Paulus dan die evangelie verkondig, is dit die Here wat Lidia se hart ontvanklik maak vir die woorde van Paulus. Die Here maak Lidia se hart oop en skenk aan haar die geloof in Jesus Christus deur middel van die verkondiging van die evangelie.

Uit die Skrif is dit dus duidelik dat geloof nie iets is wat die sondige mens in homself het en net moet leer om te gebruik nie. Geloof word deur die Heilige Gees in die mens ingestort wanneer die Heilige Gees so 'n mens tot bekering bring. En Hy lei die sondaar om hoe langer hoe meer sy vertrouwe in Jesus Christus te stel.

Die gelowige het in sy antwoord nie net gesê dat die Heilige Gees die geloof in die harte van mense werk nie. In die tweede deel van die antwoord het hy ook gesê wat die Heilige Gees gebruik om die geloof in die harte van mense te werk. Geliefdes, ons moet fyn oplet dat die gelowige in die antwoord nie sê hoe die Heilige Gees te werk gaan om geloof aan 'n mens te gee nie. Dit is 'n geheimenis wat ons nie kan verklaar nie. Uit die Woord en in hierdie antwoord van die gelowige hoor ons slegs watter gereedskap die Heilige Gees gebruik om die geloof in 'n sondaar se hart te werk.

Uit die gebeure in Filippi, soos wat Lukas dit beskryf, het ons reeds gehoor dat die Heilige Gees die verkondiging van die evangelie gebruik het om die geloof in Lidia se hart te werk. Die Here het haar hart vir die evangelie oopgemaak. Maar daar is 'n nog duidelik Skrifgedeelte wat sê dat die verkondiging van die Woord dié gereedskap is wat die Heilige Gees gebruik om geloof te werk –

Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? ... Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

(Romeine 10:14, 15, 17 AFR53)

Ons kan die geloof wat die Heilige Gees aan mense gee vergelyk met die plante wat die Here op die aarde gee. God is almagtig en Hy laat dinge gebeur deur net te spreek. Hy het net gesê: Laat daar lig wees, en daar was lig. So het Hy in die begin ook net gesê dat die aarde plante en bome moet voortbring en dit het so gebeur. Maar na die skepping in die begin verkies God om plante te laat groei vanuit die saad. Hierdie saad het water en gunstige omstandighede nodig wat die Here daarstel sodat die plante kan groei.

Net so kan die Heilige Gees deur net sy vinger te klap, om dit so te stel, volwasse geloof in die mens tot stand bring. Die Heilige Gees is immers God en almagtig om dit te kan doen. Maar die Heilige Gees verkies om 'n instrument te gebruik om die geloof in die mens se hart te werk. Die instrument wat Hy gebruik is die verkondiging van die evangelie. Deur middel van die verkondiging van die heilige evangelie plant Hy die geloof in die hart van die mens en deur middel van die aanhoudende verkondiging van die evangelie laat Hy hierdie geloof groei en toeneem in krag en sterkte.

Wanneer die gelowige bely dat die geloof 'n gawe van God is, moet daar nie die gevolgtrekking gemaak word dat die mens niks hoef te doen ten opsigte van sy eie geloof of die geloof van ander mense nie. Dit is inderdaad die Heilige Gees wat die geloof skenk, maar Hy maak die mens nie passief deur sy werk nie. Omdat die Heilige Gees die geloof deur die verkondiging van die evangelie werk, wys Hy ook op ons verantwoordelikheid. Ons moet die Woord ondersoek en verkondig.

Die Bybel is die gereedskap van die Heilige Gees. Die kerk is die werkwinkel van die Heilige Gees. En elke keer wanneer die Woord verkondig word in eredienste, katkisasie, huis-besoek en huisgodsdienst is die Heilige Gees werksaam besig. Terwyl ons hier in die ere-dienst teenwoordig is en aandagtig luister na die verkondiging van die Woord is die Heilige Gees besig om aan die geloof wat Hy gegee te werk.

Daarom moet ons nooit die verkondiging van die Woord verag omdat die diensknegte wat die Here gebruik swak en sondig is nie. 'n Mens moet ook versigtig wees om weer na die ander kant toe oor te tuimel nie. 'n Mens moet nooit die gevolgtrekking maak dat die verkondiging effektief is omdat die prediker so baie wysheid het en welsprekend is nie. Dan staan 'n mens weer die gevaar om 'n prediker op te hemel terwyl hy ook maar net die mond is wat die Heilige Gees gebruik om die evangelie te verkondig. Die prediking is effektief slegs omdat die Heilige Gees gekies het om dit gebruik om geloof in die harte van mense te werk en daardie geloof met die verkondiging te voed en te versterk.

Vir baie van ons is Paulus 'n prediker wat vir niks teruggedeins het nie. In die boek Handelingen lees ons hoe hy met durf die ongelowige Jode aangevat het in sy verkondiging. Maar hierdie krag het Paulus nie in homself gehad nie. Lukas berig van die keer toe hy in Korinte gepreek het. Alhoewel hy al vir 'n geruime tyd in Korinte werksaam was, het die Here een nag in 'n gesig aan hom gesê:

Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad. (Handelinge 18:9-10 AFR53)

Wanneer Paulus later aan die Korintiërs skryf, sê hy self:

Wat my betref, broers, toe ek na julle gekom het om die geheimenisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as gekruisigde. Bewus van my swakheid, en met groot angs en huiwering, het ek na julle toe gekom. Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God. (1 Korintiërs 2:1-5 AFR83).

Deur die verkondiging van die Woord plant die Heilige Gees die geloof soos saad in die hart van die mens. Net soos wat saad water nodig het om te ontkiem en te groei, so het die geloof ook die aanhoudende verkondiging van die Woord nodig om te groei tot volwassenheid. Daarom is dit elke gelowige se verantwoordelikheid om gedurig onder die geklank van die Woord te wees. So wil die Heilige Gees in elke gelowige werksaam wees en bly sodat die gelowige kan toeneem in kennis van Christus en God die Vader. Deur die aanhoudende verkondiging word die gelowige versterk – Jesus Christus het werklik vir sy sondes gesterf – en vermaan om van die sonde weg te vlug sodat hy hegter in die Here kan lewe.

Omdat mense swak is en traag is om altyd te glo wat die Here deur sy Woord aan hulle leer, het Hy ook sy sakramente gegee om die geloof te versterk. Die sakramente, so sal ons in volgende gesprekke hoor, sê presies dieselfde as die Woord, net op 'n ander manier.

In ons vergelyking kan ons sê dat die Woord soos water is vir die geloof en sakramente is soos kunsmis vir die geloof. 'n Mens werk kunsmis in die grond in om ekstra voeding aan die plante gee. Maar kunsmis alleen gaan nie 'n saad laat ontkiem en groei nie. Vir die ontkieming het die saad water nodig.

Net so kan 'n mens nie net die sakramente gebruik en dink dit is genoegsaam vir 'n mens se geloofsgroei nie. Sonder die Woord bly die sakramente vir die mens onbegryplik. Dit is in die Woord waar die betekenis van die sakramente duidelik gemaak word, sodat dit versterkend op die geloof kan inwerk. Daarom bely ons: Die Heilige Gees werk die geloof in die harte van mense deur die verkondiging van die Woord en Hy versterk en laat die geloof groei deur die aanhoudende verkondiging van die Woord en die sakramente. In die volgende gesprekke sal dit vir ons duidelik word wat die verhouding is tussen die prediking van die Woord en die sakramente wat die Here vir ons gegee het.

Geliefdes, uit hierdie belydenis van die gelowige is daar ook groot troos. Omdat geloof 'n gawe is wat die Heilige Gees deur middel van die verkondiging van die Woord in die harte van mense werk, kan die gelowige ook verseker weet dat hy nie sy geloof sal verloor nie. Hy kan dit self miskien verwaarloos, maar nie verloor nie. In krisistye is dit 'n groot troos om dit te weet. Daarom kan 'n mens in tye van groot benoudheid bid dat die Gees 'n mens se geloof sal versterk sodat 'n mens steeds die Here se Naam kan verheerlik.

Amen!

Slotgebed

Psalm 23:2, 3 (p.107)

- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgeware, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan, en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan – dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druij olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God die Vader en die
gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Januarie 2018